

Beyond Beef Wagyu hou hul eerste produksieveiling

Op Vrydag 9 Februarie 2018 het Beyond Beef Wagyu hul eerste produksieveiling aangebied by Royal Auction Centre in Frankfort. Die was die grootste Wagyu aanbod nog in Suid-Afrika. Daar was baie mense van reg oor die wêreld wat die wonderlike dag bygewoon het. Die slaghuis op die dag het al die heerlike Wagyu vleis voor die veiling begin het, uitverkoop.

Die Weber-span wat gebrui het, het gesorg vir 'n heerlike gratis Wagyu eetervaring die dag. Die duurste Akaushi bul is verkoop vir R400 000 aan mnre. Etienne Ferreira en Andries Schutte wat die onderneming 777 Wagyu uit Pretoria bedryf, hulle het ook 24 uitstaande Wagyu beeste op die veiling gekoop! Die gemiddeld van die rooi bulle was R262 857 gewees. Die duurste swart Japa-

nese bul is verkoop aan mnr Carl Thiele van Paulpietersburg, die gemiddeld op die swart bulle was R158 333 gewees.

Die hoogste bod op 'n swart koei met 'n kalf is aan mnr Lourens du Plessis van Thabazimbi verkoop vir 'n uitstekende bedrag van R420 000. Die duurste rooi koei met kalf is gekoop deur mnr Henri Pieterse van Groblersdal vir 'n bedrag R300 000.

Die hoogste bod is toegeslaan teen R330 000 vir 'n rooi Akaushi dragtige vers, die koper was Olive Burgh Wagyu van

Winburg, die gemiddeld was R290 000 gewees. Die duurste saamgestelde swart volbloed dragtige vers is aangekoop deur AK Peer van Kaapstad vir 'n bedrag van R260 000 terwyl die gemiddeld van R156 000 behaal is.

Die duurste oop rooi vers is aangekoop deur Etienne Ferreira van Panorama vir 'n bedrag van R245 000 terwyl die gemiddeld ook R245 000 bereik het.

Die veiling is uiters suksesvol aangebied deur BKB Louwid Frankfort!



Buffeljag in Balule

Jacques van Rooyen of Jakkals, soos hy bekend is in sy vriendekring, het onlangs die voorreg gehad om 'n vrylopende buffel te kon jag in die Balule area van die groter Kruger Nasionale Park. Dit was Jacques se eerste buffel wat hy gejag en eie aan 'n buffeljag was daar ook geen tekort aan adrenalin en opwinding nie. Die bul was deel van 'n groot trop van ongeveer 130 buffels. Dit het die jaggeselskap ongeveer twee ure geneem vandat hul tussen die trop in beweeg het tot hul die eerste skoot kon afvuur. Die skoot was goed en na sowat 2km se moeilike spoorsny het hul die bul sy "Coup de Grâce" gegee.

Op die foto regs vl: Rikus, Jacques jnr, Jacques van Rooyen en Frikkie Kotze (Balule verteenwoordiger)



Uiters suksesvolle produksieveiling aangebied



Hiermee 'n voorbeeld van die uitstaande kwaliteit wat die dag beskikbaar was!

Jaco Maritz het op Donderdag 15 Februarie 2018 sy produksieveiling op die plaas Eksteen in die Memel distrik aangebied. Die top aanbod het bestaan uit 400 vleismerino ooie en 340 Bovelder beeste.

Die duurste groep dragtige ooie is aan Vincent Prinsloo van Memel verkoop teen 'n prys van R4 200 elk. Die gemiddeld op die dragtige ooie was R3 662. Die duurste oop ootjies is aan Thabo Strydom van Heilbron verkoop vir 'n bedrag van R2 500 terwyl die gemiddeld R2 300 beloop het.

Die duurste groep Bovelders 3-in-1 is

verkoop aan Dirk van Niekerk van Memel vir 'n bedrag van R29 000 terwyl die gemiddeld R25 461 was. Cornie Foord van Pretoria het die duurste koeie met kalwers gekoop teen 'n bedrag van R22 500 met 'n gemiddeld van R22 166. Die duurste groep dragtige verse is aan Abrie Cronje van Vrede verkoop vir 'n bedrag van R18 000, dragtige verse het 'n gemiddeld van R17 800 behaal en oop verse 'n gemiddeld van R12 250.

Die kwaliteit diere wat op die veiling aangebied is, het gesorg vir strawwe mededinging tussen die kopers.

Die veiling is uiters suksesvol aangebied deur BKB Louwid Frankfort met Jan Mostert as afslaer.

DAMPLAAS KRAGBRON - PETRUS STEYN

DIE DIENSTE VAN 'N VAKLEERING (ELEKTRIES) WORD BENODIG

Die geskikte kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Ouderdom 20-30jaar • Goeie menseverhouding • Sober gewoontes • Basiese kennis van elektrisiteit
- Hoogspanning/lyn werk aanbeveling • Bereid wees om ongereelde en na-ure te werk
- Matriek / gelykstaande tegniese kwalifikasie.

PLIGTE:

- Pligte sal met onderhoud bespreek word. • Salaris onderhandelbaar.

Vir navrae oor die pos kan Bill Thirtle by 058 871 3478 gekontak word. Faks u CV na 086 663 7654 of epos na damplaaskragbron@gmail.com. Sluitingsdatum vir aansoek: 23 Maart 2018 om 24:00. Kandidate wat geen terugvoering binne twee weke na sluitingsdatum ontvang nie, kan hul aansoek as onsuksesvol beskou.